

20 Mei

2 Korintiërs 3:7-18, (Teks: 3:18)

***Pinkster: die Heerlikheid van God in jou***

"Ons almal weerspieël die heerlikheid van die Here, want die sluier is van ons gesig af weggeneem. Ons word al meer verander om aan die beeld van Christus gelyk te word. Die heerlikheid wat van ons uitstraal neem steeds toe. Dit doen die Here wat die Gees is." Wie naby die Here kom, betree die ligkring van sy heerlikheid. Kan 'n nietige mens in so 'n heerlikheid bestaan? Ja, as God wil, en Hy wil. Daarom het God met ons 'n verbond gesluit. Hy verbind Hom aan ons. Hy trek ons in die ligkring van sy heerlikheid, want Hy het deur Jesus Christus ons sondes weggeneem.

Die ou verbond het sy eie heerlikheid gehad in die wetgewing op Sinaïberg. Dit was sigbaar op die gesig van Moses (Eks 34:29). Die glans op sy gesig was egter net tydelik. Daarom het Moses 'n doek oor sy gesig getrek sodat die volk nie kon sien dat die glans verdof nie. Die ou verbond was dus voorlopig.

Maar Christus het gekom en ons skuld betaal en die Heilige Gees het in ons kom woon (die nuwe verbond). Nou kan ons lewe met ongesluisde gesigte en die blywende glans van God se heerlikheid uitstraal uit ons hart en deur ons lewenswandel. God se geboorte is vir ons nie net dooie letters nie maar 'n heerlike lewenswyse. "Die heerlikheid wat van ons uitstraal neem steeds toe. Dit doen die Here wat die Gees is."

Mag dit u daaglikse ondervinding wees maar ook die nakoming van u dankbare verantwoordelikheid.

Sing: Psalm 100:1,3

Ds. J. Venter (Brakpan)